

## PETRO SIEBERHAGEN

**Datum:** 7 Oktober 2010

**Plek:** Noordwes Universiteit – Potchefstroom

**Vraagsteller (V):** Lizé-Marie van der Watt | Geskiedenis Departement | Stellenbosch Universiteit

**Antwoordsteller (A):** Petro Sieberhagen | Ondersteuning: Ruimtefisikaprogram (oorname) | SANA E | 2000

**V:** Baie, baie dankie dat u die tyd gemaak het. Die eerste ding wat ek nou graag wil weet is, hoe het dit gekom dat u by die Fisika Departement begin werk het.

**A:** Oe, nee kyk, ons het in 1988 het ons van Stellenbosch hiernatoe verhuis, my man het 'n pos hier by Bedryfsielkunde gekry, en ek het toe nou nog in 88 aan-en-af skool gehou, meestal hier by die kleurling hoërskool in Promosa, toe nou die kleurling woonbuurt hier.

**A:** En ek het nie 'n permanente pos gekry nie, en toe op 'n slag toe adverteer hulle die pos hier by die universiteit Finansies en Administrasie gekombineerd, en toe het ek aansoek gedoen vir die pos, en geglo as ek die pos kry, dan is dit die pos wat vir my bedoel is.

**V:** Bedoel is. Nou, het jy toe al in 1988.

**A:** Nee, 1989.

**V:** 1 April 1989, was u toe al dadelik betrokke by Antarktika?

**A:** My heel eerste werksopdrag wat ek gekry het toe ek in hierdie gebou, hoeka in die kantoor instap, is 'n briefie wat Prof. Stoker vir my geskryf het en gesê, "Gister was die einde van die finansiële jaar van die Antarktiese program, die geouditeerde state moet op 15 Mei...

**V:** Ja.

**A:** In Pretoria by die... "so stel die state op."

**V:** Okay.

**A:** Behalwe wat hy nie vir my gesê het nie, die man wat voor my in die pos was, was omtrent vier maande terug al weg, die dat die pos lank gevat het om

**V:** Te vul.

**A:** Te vul en so aan. Dit was in die diep water ingooi en swem die eerste dag.

**V:** Is dit? Hoe baie het jy geweet van Antarktika voor jy met hierdie administrasie begin het?

**A:** Weet jy ek is redelik goed belese en ek lees baie en so aan.

**V:** Ja.

**A:** So ek het geweet Antarktika is Suid, en dit is...

**V:** Ja.

**A:** En daai soort van dinge maar nie...

**V:** *Pretty much* wat ek geweet het aan die begin. [lag]

**A:** En die, jy weet, populêre boeke wat oor Antarktika...

**V:** Ja.

**A:** Scwhatz boek en so aan, maar oor die navorsing, ek moet sê ek het bietjie meer ook geweet oor die navorsing, want André Benade?

**V:** Ja?

**A:** Hy is 'n ouderling, diaken in ons kerk, so ons het al die vorige jaar gehoor André was drie maande af Antarktika toe.

**V:** Antarktika toe, ek verstaan.

**A:** En daai jaar, in die jaar net voor ek hier begin het, was hier 'n outjie. Ek dink sy naam in Jannie van der Merwe.

**V:** Ja.

**A:** En hy en sy vrou, hy was die eerste getroude spanlid wat ek van weet, wat af is om te gaan navorsing doen, en sy vrou was ook by ons in die gemeente, so daar was bietjie...

**V:** Oe, daar was...

**A:** Van 'n konneksie van dit gewees, 'n verstaning.

**V:** Nou van 1989 wat jy daar begin het, tot vandag. Is daar iets wat vir jou uitstaan wat regtig verander het?

**A:** Ja. Kyk die dinge, die hele, ten opsigte van Antarktika, die basisse; die nuwe basis is gebou. Ons het daai HF Radar opgesit. Al daai soort van dinge. Met die koms van die rekenaar is die data, is baie vinniger beskikbaar. Die hoeveelheid goed wat ons afstuur, logistiek gewys, van toe af na nou toe, het enorm verminder.

**V:** Verminder?

**A:** Ja, want jy weet ons het die bande, die telex bande, die data-opneembande was groot *bulky* soort van goed, en nou is dit CD's, DVD's en...

**A:** En internet. Jy weet die eerste rekenaars wat ons afgestuur het, maar die skerm is ook nou groot, maar dit was groot lomp swaar goed.

**V:** Swaar goed, ja.

**A:** Plek, dit het plek gevat.

**V:** Dot-Matrix printers ?.

**A:** En daar is Dot-Matrix printers, en jy weet, al ja, ek dink die hoeveelhede wat...

**V:** Ja.

**A:** Want vroeër het ons, ons het al goed met die trein gestuur, ons het goed al op *container* gestuur, hierdie...

**V:** Ja.

**A:** Hierdie voorraad-*containers*. Nou, baie keer is dit so min goed dat ek dit sommer met DAL afstuur.

**V:** Ja, okay.

**A:** Jy weet van die plaaslike afdeling, vroeër was dit 'n hele logistieke operasie om alles hier gepak te kry en af te stuur in die spesifieke kratte. Ons het hier agter die gebou het ons spesiale pakplek staanplek gehad.

**V:** *Wow*.

**A:** Ons het vier van hierdie Antarktiese-*containers* wat jy weet, so kan...

**V:** Oopmaak.

**A:** Gebêre van die staalles, nie die houtes nie.

**V:** So jou betrokkenheid daar was meestal om die logistiek gedeel te kry?

**A:** Ja logistiek, ondersteuning, die finansies, jy weet? Al...

**V:** Hoe baie van die memoranda en goed gaan maar deur jou?

**A:** Die, nee.

**V:** Die vergaderings se memorandumse?

**A:** Nee weet, nie op hierdie stadium baie nie. Die jaar toe ek af was, voor ek afgegaan het, het ek die vergaderings en goed bygewoon, maar nou nie. Hulle neem 'n besluit dan kom hulle en sê ons moet dit invoer of dit uitvoer of, hierdie goed moet uit Amerika of Kanada uitkom, jy weet? Ek is maar die ou wat invoere en die uitvoere en daai soort van goed ook doen en hanteer.

**V:** So jy sê die hoeveelheid geld wat beskikbaar gestel word vir die Antarktiese program, bv. fisika dit het konstant gebly, verminder, vermeerder?

**A:** O, jinne ek sal dit in die state moes gaan kyk het. Kyk die hele situasie het ook verander. Aanvanklik toe ek hier gekom het, het ons 'n Antarktiese beampte gehad.

**V:** Ja.

**A:** Die spanlede wat hier was is uit ons toekenningheid hier aangestel en betaal.

**V:** Ja.

**A:** So hulle is hier, personeelgewys is hulle hier as studente, ag as personeellede hanteer.

**V:** Ja.

**A:** En dan afgestuur Antarktika toe. So nou die dag met die telefoonoproepe hier, elke maand byvoorbeeld het die departement vir my 'n rekening gestuur van die privaat telefoonoproepe wat daarvan af gemaak is.

**V:** Ja.

**A:** Wat ek van hulle salarisse en goed af moes verhaal het. En hier in die, jong ek weet nie, ons sal regtig moet datums spesifiseer, het dit toe verander, dat die spanlede word direk deur Omgewingsake, deur die aangestel. So hulle is nou basies die werknemers. Ons moet nog steeds begroot...

**V:** Ja.

**A:** Vir die spanlede wat hier in opleiding is, wat afgaan en die terugkeer span, maar dit, die verhaal hulle salarisse nou van die NRF af en betaal hulle direk.

**V:** So die hele begroting vir hierdie studente, waarvandaan moet dit kom?

**A:** Ons begroting kom van die NRF af.

**V:** Ja.

**A:** Die bedryfsbegroting kom van die NRF af en op hierdie stadium soos, word die begroting so verdeel dat hulle die salaris gedeelte oorbetaal na die toe.

**V:** Ja, okay. Dit is basies dieselfde begroting, hy word net gesplit.

**A:** En die, ja. En dan word hulle deur, hulle word werknemers van die departement.

**V:** Ja.

**A:** So die departement is die ouens wat, ek meen as daar dissipline en sulke soort van goed moet toegepas word, is hulle nou die ouens wat dit doen.

**V:** Maar julle beveel, skryf sekere aanbevelings...

**A:** Nee kyk ons keur die ouens. Ons sê ons het hierdie jaar dink ek het ons drie of vier outjies gehad vir onderhoude. En dan sê ons hierdie was vir onderhoude, dan gaan hulle vir onderhoude by die departement.

**V:** Okay so julle doen die eerste keuring?

**A:** Ons stel ten minste ons voor jy weet, hulle stel gewoonlik bietjie ons voorkeur-mense aan.

**V:** Okay, so julle doen die eerste kan ek maar sê rondte van onderhoude?

**A:** Ja, of hulle kry die aansoeke, en dan sien hulle natuurlik sal hulle vir ons sê "Hierdie ouens het aansoek gedoen vir die Fisikus-pos", dan, prof. Moraal, Prof. Stoker was en Anne Mans.

**V:** Ja.

**A:** Hulle sal met hulle onderhoude voer. Gert sal seker nou by kom, maar hy is 'n redelike jong aanstelling. En dan, ek meen, hulle praat met die ouens en CV die ouens en kyk of hulle darem seker die basiese kennis het

**V:** [lag]

**A:** Om die werk daaronder te doen.

**V:** Ja. En maar hierdie sisteem soos dit nou werk, is maar 'n relatiewe nuwe sisteem?

**A:** Ja. Ek dink ons is nou, dis omtrent vyfde jaar as ek dit nie mis het nie.

**V:** Ja.

**A:** Wat ons nou op hierdie sisteem werk.

**V:** Nou gepraat...

**A:** Die spanlede is al vantevore voor dit al terug begin aanstel, Susan Vosloo sal vir jou presies kan sê...

**V:** Ja.

**A:** Van wanneer af stel hulle nou die spanlede aan en betaal hulle.

**V:** Ja.

**A:** Hulle het hulle altyd aangestel, maar ons het hulle betaal, jy weet?

**V:** Spesifiek van hierdie studente gepraat wat afgaan, was dit maar meestal Honneursstudente, M-studente in die tyd wat jy hier was?

**A:** Dit was, normaalweg dan 'n Honneursstudent...

**V:** Ja.

**A:** Daar was al 'n paar wat net derde jaar-Fisika klaargemaak het, en dan afgegaan het, of derdejaar klaar gemaak het, of die vak deelyds gedoen het, en ek meen sy hoofopdrag was dan nou ekspedisie lid eers.

**V:** Okay, ek sien.

**A:** So.

**V:** En het daar iets verander in die studente van 1989? Kan jy onthou wanneer Potch-hulle eers getroude studente gestuur het?

**A:** Ons het nog nie 'n dame afgestuur nie, nee ek jok, ons het vir Chantel Steyn afgestuur.

**V:** Okay.

**A:** Sy was vier jaar terug, Anne sal vir jou presies kan sê.

**V:** Okay.

**A:** Dit was ons eerste damestudent, en dan natuurlik in 2000 het ons, ons eerste swart, nie swart student nie, ek meen ekspedisielid afgestuur.

**V:** Was hy nie 'n student gewees nie?

**A:** Nee, nee. Ek meen hulle was studente, maar hulle is aangestel as personeellede

**V:** Nee, okay. Julle het die eerste personeellid wat...

**A:** Nee hulle is nie studente nie, nee. Hulle was, party van hulle was van ons ou studente. Zino ook was byvoorbeeld nie, ek weet nie waarvandaan af, vanwaar het hy...

**V:** Wat is sy naam gewees?

**A:** Zino Nnunivani.

**V:** Zino Nnunivani?

**A:** Ja.

**V:** Hierdie naam gewoonnd...

**A:** [lag] Nee jy raak gewoonnd aan hulle.

**V:** Het julle al aansoeke gehad van vroue-studente wat julle gevoel het kan nie gaan nie?

**A:** Ek glo nie. Nee. Nee, prof Moraal sal vir jou daai vraag maar heeltemal moet antwoord, want ek maar ek dink nie regtig nie. Nee.

**V:** Nou die jaar wat jy nou gevra is om 'n wetenskaplike te wees, dit was watter jaar, of om in beheer te wees.

**A:** Kyk einde 2000, kyk ek was af vir die oornam. 2000/2001.

**V:** En 1. En jy was in beheer gestel van die wetenskaplikes?

**A:** Ja.

**V:** Hulle noem dit mos die Hoofwetenskaplike?

**A:** Ja, dis wat? *Chief Scientist*. [lag]

**V:** *Chief Scientist*?

**A:** [lag] Ja.

**V:** Hoe het dit gekom?

**A:** Man, omdat ek nou nog al die jare betrokke is, en met die HF-radar en ander goed, die projekte, het ek lank gesê, "Nou wanneer gaan ek 'n slag af?", jy weet, maar toe het hulle hier, ek dink dit was hier vroeg in 2000, toe het Prof. Moraal gesê: "As jy wil gaan kan jy die einde van die

jaar gaan." Want op daai stadium was dit eintlik net ons en Natal wat betrokke was by die wetenskaplike projekte.

**V:** O, okay.

**A:** En een jaar het ons die *Chief Scientist* afgestuur en die volgende jaar het hulle die, of die mense aangewys as die hoofwetenskaplike wat nou maar die werk daar moet gaan doen.

**V:** Wie was toe hoof gewees van SANAP?

**A:** Henry.

**V:** Was dit Henry?

**A:** Ja, Henry was toe al daar.

**V:** O, en wat het hierdie werk dan behels as hoofwetenskaplike?

**A:** Ag weet jy dit is meer besturende en projekte ag en jou span bymekaar hou en ook die tussenganger wees tussen die en PWD, ag New, ja. Ek meen ons het hulle nodig veral by die radar en so.

**V:** Ja.

**A:** En partykeer miskien by die reometer en jy moet maar plek, tyd en bespreek, en hulle het ook 'n klomp ander take wat hulle moet doen.

**V:** Ja.

**A:** En kyk dat die opleiding wat daar moet gebeur, ek meen die een wetenskaplike moet die ander ene, die nuwe ene oplei en so aan en sorg dat daai goed gekoördineer word en terugvoer gee aan die *CEO* en...

**V:** So dit is 'n geweldige groot bestuurstaak?

**A:** Ek, wel ons was daai jare 'n baie klein span, so dit was nie regtig 'n vreeslike groot bestuurstaak gewees nie.

**V:** Hoeveel wetenskaplikes was af gewees?

**A:** Drie ekstra af behalwe nou die spanlede.

**V:** Okay, so...

**A:** Dit was 'n klein, klein groepie en natuurlik, ek meen ek moes toe verantwoordelikheid neem vir die weerburo se manne, want hulle, en my man en meisie want hulle is toe ook gesien as wetenskaplikes, of is wetenskaplikes, so dis so vyf. En daar was 'n Duitse besoeker wat kom ysnavorsing doen het daar, en hy was ook maar...

**V:** So die ekstra wetenskaplikes was maar van Natal en van Potch?

**A:** Ja. twee van Natal en ek dan nou.

**V:** O, die twee van Natal, was hulle studente gewees?

**A:** Nee. Een was dr Sarah Buchner.

**V:** Ja.

**A:** En die ander ene was Johan Coetzer. Hy was soos 'n instrumentmaker, elektronikus wat nou goed gaan doen het om van hulle projekte...

**V:** En jy en die spanlede.

**A:** Ja.

**V:** En die Duitser.

**A:** En die twee...

**V:** Twee Duitsers?

**A:** Twee Weerburo-manne.

**V:** Die weeburo

**A:** Weerburo-spanlede, ja.

**V:** En dan die Duitser het ook so bietjie onder julle geval?

**A:** Ja, ag maar eintlik het hy redelik op sy eie aangegaan, behalwe 'n slag toe ek hom so gaan aanpraat het as hy die basis verlaat sonder 'n radio. [lag]

**V:** [lag] Okay, so wat is mens se take as so wetenskaplike wanneer die tyd nou begin?

**A:** Jy moet daai *manual* lees, dit staan alles daar in die manual. [lag]

**V:** Die *manual*. Die, wie is die ou gewees daai tyd?

**A:** Adriaan.

**V:** Was dit Adriaan?

**A:** Adriaan Dreyer.

**V:** Okay, jy is gevra in 2000, wanneer in 2000 so half?

**A:** Vroeg in die jaar, ek het lank tyd gehad om myself voor te berei, en ek het 'n hele paar van die oornamewergaderings bygewoon, en ek moes die weerburo en al die wetenskaplikes wat afgaan se sake, dokumente...

**V:** Ja.

**A:** Koördineer, bymekaar sit en...

**V:** Sake, was dit toe 'n saak artikel of 'n bestaande komitee gewees?

**A:** Nee hulle noem dit mos die SR1 of twee of drie? Jy moet behoort ook een in te vul.

**V:** Ja, SANAP IX en SANAP III.

**A:** Okay, is dit nou SANAP? Okay.

**V:** [lag] Ek dink hierdie akronieme verander, of die mense verander, dit weet ek nie. Deur die jare het jy seker met baie amptenare gewerk by die departement omgewingsake?

**A:** Ja.

**V:** Wat maak 'n goeie Antarktiese amptenaar?

**A:** Sjoe, weet jy, ek meen in die eerste plek moet hy seker sy werk baie goed doen, want ek meen, en in die tweede plek dink ek moet 'n ou ook maar soort van 'n gevoel hê vir Antarktika en vir die hele opset daar, want kyk in die sin dat dit 'n baie spesiale gebied is, moet 'n ou, ek meen jy moet voorsiening maak vir spesiale omstandighede...

**V:** Ja.

**A:** In Antarktika.

**V:** Is daar minder goeie amptenare?

**A:** Wel ek, ou kies mos nou maar mense met wie jy goed klaarkom.

**V:** Ja. [lag]

**A:** En daar is 'n sekere groep mense met wie jy baie gereeld werk en oor 'n lang tyd mee werk.

**V:** Ja.

**A:** Ek meen soos Susan Vosloo, voor haar was daar Beula Helberg, Heidelberg soos iets, wat meer in die administratiewe kant was.

**V:** Ja.

**A:** Richard Skinner is nog al die jare daar, Sam Oosthuizen, ek dink is langer al daar as wat ek by die projek werk, of ons het omtrent dieselfde tyd begin.

**V:** Ja.

**A:** Alma Beukes, so jy werk maar aanmekaar met dieselfde ouens...

**V:** Ja.

**A:** En omdat dit baie van my goed administratief...

**V:** Ja.

**A:** Gereël moet word is dit maar mense met wie jy kontak het, en oor die spanlede en goed, het ek met Susan baie kontak. Ek moet sê ek werk deesdae baie min met Richard en ek werk ook baie min eintlik direk met Adriaan, so...

**V:** Ja.

**A:** Dis, en die paar met wie ek saamwerk kom ek baie goed klaar. Ons het 'n baie goeie verhouding en jy kan maklik die telefoon optel en...

**A:** Skakel en sê, "Help my of hoe doen ek nou of..."

**V:** Ja-ja.

**A:** Ek het nou die probleem, my vrag gaan 'n dag of twee of drie laat wees, of die mense het laat weet die vrag het nie aangekom nie, en die ander wat by die store was, Denzel, Sharaan, daai klomp...

**V:** Ja.

**A:** Ek het 'n goeie verhouding met hulle, so ek kan regtig nie...

**V:** Wat is die grootste struikelblokke wanneer dit kom by die logistieke administrasie van so 'n wetenskapsprogram?

**A:** Hier van ons kant af?

**V:** Ja.

**A:** Jong om alles gekoördineer te kry en betyds daar te kry.

**V:** [lag] Is dit?

**A:** Ek meen dit is 'n groot, maar dit is ongelukkig 'n proses want tussen die akademiese jaar, die afsluiting van die akademiese jaar, en nou die afsluiting van die finansiële jaar, en partykeer die invoer van komponente, goed wat laas op die laaste nippertjie onklaar raak daar onder en wat nie altyd hier beskikbaar is nie. Ons het al goed, items, toerusting, direk laat invlieg Kaap toe, en dat iemand daar dit vir jou in ontvangs neem en op die skip sit.

**V:** Op die skip sit. Sjoe.

**A:** Want dit het op 'n laat stadium onklaar geraak, of die fabriek kon dit nie, die verskaffer kon dit nie vinnig genoeg verskaf nie, jy weet? Dit is maar goed wat 'n probleem, of 'n probleem kan wees, maar ons het nog nie, gelukkig moet ek sê, verskriklik...

**V:** Probleme gehad nie.

**A:** Baie sulke probleme gehad nie. en daar was altyd 'n ou aan die anderkant gewillig om te help.

**V:** Ja en...

**A:** En as jy nou na ons logistieke operasies kyk teenoor wat die hele totale Antarktiese logistieke operasie behels, is ons s'n maar 'n fraksie van die hele totale, groot proses.

**V:** Ken jy jou kollegas in soortgelyke posisies van die ander universiteite?

**A:** Nee.

**V:** Julle skakel nie noodwendig met mekaar nie.

**A:** Hulle sê glad nie wie doen dit nie, nee.

**V:** Okay.

**A:** By, ek dink Lindsey doen dit nou by HMO maar ek is nie eens seker nie.

**V:** Okay. Nou toe hulle jou uiteindelik vra of jy wil afgaan, was dit 'n maklike 'ja' gewees?

**A:** Ja! Ongekwalfiseerd. [lag]

**V:** [lag]

**A:** Dit is die geleentheid van 'n lewe.

**V:** Dink jy daai jaar wat jy nou by oorname was, het jou hele persepsie of werkswyse beïnvloed?

**A:** Ek dink dit het vir 'n mens baie meer begrip gegee.

**V:** Okay.

**A:** Begrip vir wat hierdie ouens regtig daar onder gaan doen, en hoe die, mens sien al hierdie goed op foto's, en jy sal dit waarskynlik die einde van die jaar self so ervaar, en op videobande en mense vertel vir jou en alles, maar dit is een ding om dit te sien, en dit is 'n ander ding om te dit gaan ervaar.

**V:** Ja-ja. Ja.

**A:** En dit moet ek sê, ek het baie meer begrip of eintlik ja, moet ek sê baie meer begrip...

**V:** Ja.

**A:** Vir die aard en die grootheid van die operasies om mense elke jaar te stuur en

**V:** Operasies. Ek verstaan.

**A:** En jy weet met die radar destyds toe ons die radar 'n slag of wat moes uitgevoer het en al die werk invoer binnekant, was dit 'n groot omvangryke ding, maar hierdie manne doen dit drie keer 'n jaar.

**V:** Okay.

**A:** Ek meen dit is nie net...

**V:** Ja.

**A:** Antarktika nie, dis die eilande ook. Marion en Gough, so. En mens kan partykeer seker hulle werk, die manier van goed kritiseer, en glo hulle het nie 'n groot genoeg oor vir ons nie, maar ander kere, ek meen, hulle het 'n ding in plek wat werk.

**V:** Ja-ja. Ja. Nou, dink jy, ja. Mens, dis 'n goeie idee dan vir mense wat by die logistiek betrokke is, om 'n oorname self af te gaan?

**A:** Ek dink as daar genoeg is om hulle mee besig te hou, as dit dan nie, ek meen 'n ou kan nie omdat die bestuursgedeelte by my take gewees het, en ek genoeg van my administratiewe werk hier darem kon saamgevat het en daai tipe van ding. Ek het darem 'n skootrekenaar gehad.

**V:** [lag] Ja.

**A:** Jy weet ek dink dit kan as jy nie, voltyds daaronder besig is nie, of...

**V:** Ja.

**A:** Redelik besig is nie, kan dit 'n lang en vervelig ding wees, want en ek dink ook dit is partykeer goed wat van die kapelane as hulle nie inskakel en help met die werk en goed nie verskriklik kan, ek meen dan gaan die tyd stadig verby.

**V:** Ja.

**A:** Want die, toe ons in die jaar af was, was daar 'n outjie af, ek dink hy het van Wynberg afgekom, wat moes afgegaan het om die mediese toerusting te gaan toets...

**V:** Ja.

**A:** En so aan, jy weet, dat alles ordentlik werk en so aan, en hy het uit eie uit, het hy betrokke geraak by van die administratiewe take, vir Adriaan goed gedoen en so aan.

**V:** Ja.

**A:** Want anders het ek gedink sou sy, sy oorname sou lank geword het.

**V:** Nou hoeveel mense was op daai oorname gewees? Was die mense maar konstruksie werkers, of?

**A:** Ek sal in die daai...

**V:** Boek.

**A:** Oorname dokument moet kyk, want al die name is, was daar. 'n Ander ding wat in ons oorname was, natuurlik die Duitsers het die E-basis gehuur of gebruik of...

**V:** Ja.

**A:** Hulle was daar.

**V:** Ja.

**A:** So, en ons moes logistieke ondersteuning daar vir hulle verleen het, en vanaf die basis, Frans Hoffman hulle en die kommunikasie ouens en so aan, en die departement het ook vir hulle 'n kok voorsien.

**V:** Okay.

**A:** So ons het twee voltydse, nie kok nie 'n *chef*.

**V:** Chef.

**A:** Ons het twee voltydse *chefs* afgevat, en altwee was toevallig daai jaar dames, en ek het nou so bietjie na jy weet hulle, die dames omgesien. Ons was vier, ons was vyf dames gewees wat op die ou end daai jaar af is, wat nogal 'n hele paar was.

**V:** So...

**A:** Of vrouens, laat ek dit so stel.

**V:** Hoeveel Duitsers was saam met julle op die skip gewees, of het die *chef* net?

**A:** Nee, hulle het ingevlieg.

**V:** Het hulle ingevlieg?

**A:** Ja. Hulle het nie saam met ons afgevlieg nie. Net die een...

**V:** Een.

- A:** Was saam met, nee ek jok, drie, twee het ons êrens anders afgelaai, ek weet nie.
- V:** Was hulle by Neumayer ook gewees, die Duitse basis?
- A:** Nee, hulle het Neumayer toe gevlieg met die helikopter, maar ek was nooit self op Neumayer gewees nie. Ons het nog by die ou bukta gebly
- V:** So baie van die Duitsers het afgevlieg. Weet jy dalk waar hulle geland het?
- A:** Hulle het oor Suid-Amerika gekom.
- V:** Ja.
- A:** En ek weet nou nie wat is die laaste plek wat hulle geland het voor hulle, daar was 'n vliegtuig ook. Julle sal sien daai....
- V:** CD's.
- A:** Ja, die DVD's, want by die Duitse basis hang die Duitse vlag bo, en die Suid-Afrikaanse vlag onder.
- V:** Of so iets.
- A:** Of andersom, en daar was, ek meen hulle het met 'n vastevlerk vliegtuig ingekom as ek dit nie mis het nie.
- V:** Sou julle dalk kon *ge-like* het om ook te kon invlieg, of was die skip...
- A:** Nee ek dink ek sal eerder die terug vlieg vat van onder af. [lag]
- V:** [lag] Okay. Nou, toe al hierdie vreeslike baie voorbereidings nou klaar is, hoeveel raad het die mense u gegee oor dag tot dag dinge, want ek sien hier is 'n hele groep mense wat al daar was.
- A:** Weet jy? Hier rond, aanvanklik dink ek was op die, of hoe nader dit aan oorname kom was die ouens bekommerd gewees, want ek was die eerste vrou wat hiervandaan af afgegaan het, maar die mense van die departement, veral Alma, sy was al 'n slag of wat daar gewees. Sy het nogal vir my baie praktiese raad gegee.
- V:** Ja. Nou wat is praktiese raad gewees?
- A:** Ag man, nee jy weet vir die basis raad of so. Sy het onder andere vir my gesê "Hoor hier vat vir jou paslakens saam."
- V:** Okay. Ja.
- A:** Vir jou...
- V:** Vir jou bed in die basis.
- A:** Vir jou bed in die basis en vir jou bed op die skip, want dit is baie makliker om die bed so op te maak, en dit is so.
- V:** Jy was die eerste vrou van Potchefstroom wat gegaan het?
- A:** Ja.
- V:** Sjoë. Het hulle vir jou 'n afskeidspartytjie gehou?

**A:** Nee-nee. Ons het, ons hou mos nie vreeslike sulke, ons het gaan uiteet. Elke jaar net voor die ouens vertrek, dan gaan, soos ons nou sê die Potch-kassies, gaan eet ons almal saam om nou vir die ouens voorspoed toe te wens...

**V:** Ja-ja.

**A:** En goeie oorname en daai soort van ding, jy weet?

**V:** Okay.

**A:** Toe ek teruggekóm het, was dit, moes jy maar, moes ons maar weer ingeval het, want ek meen administratiewe take ten opsigte van die skool en die studente het maar so bietjie agter...

**V:** Agter.

**A:** Wee geraak en ek het maar, Saterdag het ons geland hier, ons het die Vrydag in die Kaap aangekom, Saterdag geland, en Maandag het ek maar begin inval.

**V:** Okay.

**A:** Maar ek het so die eerste week of wat, as dit gevoel het of die dag warm word, want toe is ons in 'n hitte golf hier. Dit was nogal bietjie erg gewees, dit het vir my 'n dag of twee of vyf gevat om weer bietjie te aklimatiseer.

**V:** Nou okay, met die rit af, kan jy onthou wie was die kaptein?

**A:** Nee genugtig.

**V:** Hoe was die seerit af? Was u toe al ooit op die oop see op 'n boot?

**A:** Nee nie sover nie nee. Nee, ek was al op die oop see, maar dit was so klein seilbootjie-soort-van-ding, maar toe ook nie baie ver in nie. Die hawe daar rondom Gordonsbaai.

**V:** Okay ja, maar 'n seiljaggie, maar hoe was die skeepsrit gewees?

**A:** Weet jy? Kyk alles was vir my nuut en alles was vir my 'n baie lekker ervaring gewees. Ek het natuurlik hier by my, toe ek gegaan het vir my medies het ek vir die dokter gesê, "Gee maar hier van daai pilletjies."

**V:** [lag].

**A:** Ek het al gesien hoe lyk, of ek het al gehoor hoe siek word die ouens op die skip, en toe het hy my, maar so na die derde, vierde dag het ek dit gelos, want toe het ek agtergekóm ek en die see kom klaar met mekaar.

**V:** Okay.

**A:** Maar dit is dieselfde ding soos, wie het nou die dag gesê? Een dag toe die see nou regtig rof was, het ek ook besluit hier onder in die eetsaal sit ek nie te lank nie, want as jy so gesit en eet het hier en jy het so

deurgekyk het, dan het jy nou net mooi die *porthole* gesien en dan maak die see so.

**V:** [lag] En dit wil mens eerder dan nou nie sien nie.

**A:** Toe het ek besluit ek sal maar liever nie vandag lank eet nie.

**V:** Okay jy het gebly op die bloudek of?

**A:** Ek het op die, wat is nou die eerste dek? Ons het nou nie van kleure gepraat nie.

**V:** Nie waar die res van die passasiers gebly het nie?

**A:** Nee daar op die *helideck* se...

**V:** Vlak?

**A:** Ja. Ek was daar, Adriaan was daar, so die bestuurspan en die lugmag was daar, en die dokter was daar, en die ouens van PWD, die Mike Murphy-hulle, en Giel was daar, so. Dit was mos nie 'n vreeslike groot...

**V:** Ja, dis nie baie groot nie. Het jy alleen 'n kamer gehad?

**A:** Nee.

**V:** Enkelkamer.

**A:** Ek het 'n kajuit vier gehad, ek en dr. Sarel Lochner het gedeel, maar ons het daai kajuit gehad wat nie 'n buite venster gehad nie, en voor om het hulle, voor die kajuitvensters het hulle 'n ekstra gedeelte waar ek dink die monitors en goed in is, het hulle aangebou, so dit was 'n donker kajuit, maar op ons, dieselfde vlak as ons, was die biblioteek, en dit is baie lekker om daar te sit, want dan kan kyk jy mooi oor die see uit en...

**V:** Ag lekker.

**A:** Ek het daar met my *laptop* elke dag gesit.

**V:** So jy het jou kantoor daar gemaak?

**A:** Gaan sit en werk en sien hoe gaan die see by jou verby.

**V:** Verby. Sjoue, beskryf bietjie hoe lyk die see oppad Antarktika toe?

**A:** Weet jy? Op 'n tydperk grys!

**V:** Ja?

**A:** En dan soos julle op die band ook sal sien as 'n ou nou nee, ag nader kom dan word hy blou. Die mooiste blou.

**V:** Blou. Ja.

**A:** As julle op daai band op die DVD kyk sal julle sien terwyl ons die Noorweegse voorraad afgelaai het.

**V:** Ja?

**A:** Daar waar die, jy sal sien op die, my video begin waar hulle 'n klein helikopter in die skip se *hold* inlaai, en daar waar ons die Noorweërs

afgelaai het...

V: Waar het julle hulle afgelaai by Bouvet?

A: Nee.

V: Okay.

A: Nee.

V: Op Antarktika.

A: Op Antarktika het hulle weer die helikopter uit, moes hulle weer uitswaai en langs, die see was so die helderste blou wat mens kan dink, en hier swem hierdie groot, deurskynende, pienk jellievis swem hier langs die boot asof daar niks hier hom pla of haar pla nie.

V: *Wow*. Dit moes nogal *impressive* gewees het om te sien.

A: Dit was baie mooi. As julle nou mooi die video kyk sal julle sien...

V: Sien.

A: Dit is 'n ...

V: Ja.

A: Dit is 'n , dit is die mooiste seelewe wat daar was! [lag]

V: En het Koning Neptunus jou darem gegroet toe jy daar oor sestig gaan?

A: Oe ja-nee, selfs soos ek nou die dag vertel het, Wouter het die vorige aand gekom en al die sondes aan ons voorgelees wat ons al gedoen het.

V: Watter sondes het jy gedoen, kan jy onthou?

A: Ek kan nou nie onthou nie. En die vorige aand, volgende middag toe is ons nou amptelik, het hy ons nou daar gekry, en hy en sy koningin en die meel en die...

V: Kan jy onthou wie was die koning gewees?

A: Ja, André Stroebel.

V: O okay. [lag]

A: So, en dit was en ek dink ons het later die middag daarso gestort en ge-alles, ek het darem gelukkig nog warmwater gekry. Hulle het so per kajuitnommer gemaak jy weet?

V: Ja.

A: Die, as jy kajuit een was, het hulle die ouens so per kajuit gevat, toe het ek gelukkig vroeg 'n beurt gekry. Ek dink ons het die aand toe vleis gebraai op die dek? Ag, ja ek dink so, ek is nie seker nie.

V: Okay.

A: Ek sal nou moet kyk. [lag]

V: Wie was die koningin gewees?

- A:** Weet jy, dit was ook 'n ou van die lugmag, major Jew dink ek?
- V:** Het hy aangetrek soos 'n vrou?
- A:** Jy sal sien daar. [lag]
- V:** [lag] Is dit? Nou, oor die algemeen, ek sal nou-nou weer terugkom na jou eie *trip* toe, maar wat is die uitdagings om met wetenskaplikes te werk?
- A:** Weet jy, ek dink in die eerste plek moet 'n ou elkeen van hulle aanvaar soos hulle is, want elkeen van hulle het maar hulle eie unieke manier van goed doen, en hulle. Elke wetenskaplike, of elke, ja hier by ons navorser is maar, is 'n mens op sy eie, maar omdat hulle almal ook goeie presteerders is hier by ons, ek meen gee hulle ook vir jou, jy weet, bietjie ruimte en so aan.
- V:** Ja.
- A:** Ten opsigte van, so ek dink 'n ou moet hulle maar aanvaar soos hulle is, en ek dink 'n ou weet wat jy aan hulle het na al hierdie jare.
- V:** Ja.
- A:** Ek meen dit is, so dit is, ek dink mens moet goeie en gesonde werksverhoudinge met hulle hê.
- V:** Ja.
- A:** Of probeer hê partykeer. [lag]
- A:** Dit is ook maar moeilik.
- V:** Terug op die skip. Wat het julle gedoen op die skip as jy nou nie in die biblioteek gesit het met jou *laptop* nie?
- A:** Jong, in die dag het elke ou hom maar seker goed besig gehou met homself, ek het maar bietjie gelees. Soos ek sê, ek het nou van my werk het ek saamgevat, jy weet? En gelees, nou geëet, jy weet? So nou en dan in die dag het die, het sulke groepies ouens nou gaan sit daaronder in die ontspanningsvertrek, of speletjies gespeel, allerhande speletjies gespeel, jy weet? Ons het nie vreeslik baie vergaderings gehou nie. Die eerste dag of wat het ons 'n vergadering gehou, mooi die werking van hoe die skip werk en wat jy moet doen...
- V:** Ja.
- A:** En nie moet doen nie, en wat jy mag doen en nie mag doen nie, en waar die rookkamer is en wie waar mag rook en so aan, en natuurlik nood...
- V:** Noodoefening.
- A:** Noodoefening gehad, en ja, dan het 'n ou maar die bord dopgehou, of die rekenaar dopgehou van hoe ver jy suid gaan en as daar 'n ding is wat die, as daar nou iets is wat te sien is, het almal maar gaan kyk, of jy

weet, die wat wou wat nou die, almal van ons wat nou nuut was het maar gaan kyk, jy weet?

**V:** As dit nou die eerste ysberg is dan...

**A:** Ja dan as die Polarstern dan so deur die water gaan en jy so saam gaan...[lag]

**V:** [lag] Kon julle sien hoe dit gebeur?

**A:** Ja die Polarstern is by ons verby.

**V:** Okay en julle...

**A:** Seker so twee, drie, miskien vier dae na ons uit die Kaap uit is.

**V:** Uit die Kaap uit is, en julle het so gegaan en hulle is woerts, daar gaan hulle. Het hulle darem vir julle getoet of nie?

**A:** Nee, hulle was nie so naby nie. 'n Ou kon jy weet, daar is 'n goeie afstand. En ja, ek meen elke ou het hom maar self...

**V:** Besig gehou.

**A:** Besig gehou. Jy moet maar jy weet?

**V:** En toe julle aankom daarso, wat was jou, ek kan amper sê, eerste indruk gewees van Antarktika?

**A:** Weet jy, ek het gelukkig die geleentheid, of die voorreg, gehad om saam met die, Adriaan hulle in te vlieg hier die 21ste Desember om te gaan pad soek, so ek het hom vanuit die helikopter gesien jy weet as...

**V:** Ja.

**A:** En ek moet sê mens, dit voel vir mens, dit het vir my gevoel jy is net so 'n klein mens.

**V:** Ja.

**A:** In hierdie hele...

**V:** Grootshêid.

**A:** Groot wêreld, en kyk net. Ek dink nie 'n mens kan, ten spyte van al hierdie fotografie en al hierdie goed...

Kan jy jou eintlik nie, jou ervaring sê van hierdie groot, wat sal mens sê, omgewing wat jy hier na toe aankom nie.

**V:** En toe julle nou by die basis land, het iemand julle darem gegroet?

**A:** Toe ons by die, kyk ons het eers by die bukta het ons aangekom, toe moes ons aflaai, ons het twee dae dink ek het ons vrag afgelaai. Die eerste dag het ek op die bukta self gaan werk, by die depo waar ons die drom afgelaai het, of dromme afgelaai het, brandstof. En dan het hulle met die helikopters ingevlieg, en dan het ek en Gerhard daar gewerk, en dan moes ons elke keer hierdie nette losmaak dat hulle weer op die goed, so nou almal aan die een net gevat dat hulle kan terugvlieg en weer gebruik. Dit is mos die net, wat noem mens?

**V:** Ja, so ingevlegde net.

**A:** En die tweede dag het ek op die brug gewerk om, want al die voorraad wat in die skip is, wat moet afgelaai word, ek moes die dromme tel wat brandstof wat...

**V:** Dis nogal fyn werk.

**A:** Dit is drie of vier verskillende kleure dromme of soorte brandstof...

**V:** Ja-ja. Ja.

**A:** En dit moet, dit wat uitkom moet *tally* met dit wat op die paklys was sodat hulle kan boek hou van hoeveel, van watter soort brandstof daar is. En so die 24ste dink ek, en daar was van die spanlede, vier van hulle, onder andere, een ons outjie Jan Wiid wat die skip daar kom ontmoet het

**V:** Okay wat die skip by die bukta...

**A:** By die bukta kom ontmoet het, en toe die 24ste dink ek het ons invlieg, ons bestuurspan en paar van die, die een *chef* was toe al ingevlieg gewees, het ons toe ingevlieg basis toe, en by die basis het hulle ons weer ook ontvang en verwelkomingseremonie gehad vir ons.

**V:** [lag] Het hulle daai jaar bietjie mampoer gestook?

**A:** En toe het ons die basis geïnspekteer, gekyk dat hy skoon is en reg is en al daai dinge.

**V:** Was dit darem skoon?

**A:** Die basis was baie, baie skoon gewees.

**V:** Is dit?

**A:** Nee die outjies het hom skoon gehou, of hulle het hom geskrop en *gepolish* [lag] die week voor ons gekom het.

**V:** Het hulle bly gelyk om mense te sien?

**A:** Ek dink hulle was bly gewees of ja, ek dink dit is gemengde gevoelens want

**V:** Ja.

**A:** 'n Ou weet nou van wat hulle sê, die plek het vir 11 maande aan hulle behoort.

**V:** Ja-ja.

**A:** En nou kom hierdie hele span weer aan en sê 60, 70, 80 mense, jy weet, die departement neem soort van amper wil ek sê.

**V:** Hulle neem soort van oor.

**A:** En, ja maar ek dink hulle is bly om daai tyd weer ander mense te sien.

**V:** Mense te sien. Het julle op die basis geleentheid gehad, ook jy as hoof wetenskaplike wat nou baie werk gehad het, het jy baie werk gehad?

**A:** Nie so baie nie.

**V:** Ja, okay, maar, [lag] dit was...

**A:** Dit is genoeg om 'n ou besig te hou. [lag]

**V:** Om bietjie rond te loop?

**A:** Ja! Ons het, en kyk ons projekte is mos buitekant.

**V:** Ja-ja.

**A:** So ek het mos 'n doel gehad wat ek nou daar af kon mee gegaan het...

**V:** Hoe was dit om 'n Ski-doo te bestuur?

**A:** Weet jy aanvanklik skrikwekkend. As jy, want 'n ou is mos nie gewoon  
aan hierdie...

**V:** Klim op en hier gaan ons maar net...

**A:** Jy voel half, ek het half gevoel, jinne die ouens klim hier af met dit,  
maar dan besef 'n mens dit is die ou hande, jy weet?

**V:** Ja

**A:** Hulle klim op daai ding en hulle rev hom en daar gaan hulle, jy weet?  
Ek het aanvanklik baie stadig gery.

**A:** Want [lag] as jy nou so met die ding ry, die volgende oomblik maak hy  
so as jy nie die ding die ys skuur en so aan, jy weet? Dan is dit nou  
bietjie 'n, dit is 'n ervaring moet ek eerlikwaar sê.

**V:** Ja. Het julle darem bietjie opleiding gekry om die Ski-doo te bestuur  
of nie regtig nie?

**A:** Ja-nee. Wel, ek meen hulle het vir jou die, ons, Jan en Jaco Mini wat  
daar was, en Dawvid Volschenk wat die diesel man was wat in die  
jaarspan, hulle het vir my baie mooi gewys en beduie en alles, maar ek  
het nie, ek dink oormate nie, ek het bietjie taamlik respek gehad, soos  
ek sê binne die eerste twee, drie weke het 'n paar ouens, het hulle wel  
nou nie ongelukke gehad nie, maar jy weet wat hulle die Ski-doo-flip  
het of hy het nou op sy, sy gedraai

**V:** Op gedinges.

**A:** Sulke goed, dan besef jy 'n ongeluk kan baie gou gebeur.

**V:** Nee-ja.

**A:** Maar gelukkig ons tyd was daar nie eintlik regtig ernstige ongelukke  
nie.

**V:** Ja. Wat is die ernstigste ding wat die dokter moes behandel?

**A:** Nee kyk die [casadact] wat hulle gaan haal het van die Polarstern af,  
daar het 'n matroos met sy Ski-doo, ek weet nie presies hoe die  
ongeluk gebeur het nie, maar hy het sy bewussyn verloor en hulle kon  
hom nie bykry nie.

**V:** Ja?

**A:** En toe moes die lugmag hom gaan haal, daar na ons basis toe bring, SANA E toe, want ons het twee doktors daar gehad, daar is mos apparate en alles...

**V:** Ja.

**A:** Maar na 24 uur of so wat hy nie rêrig sy bewussyn herwin het nie, het hulle toe besluit om hom af te vervoer Nieu-Seeland toe. Toe het hulle hom van ons af, het hulle hom Neumayer toe gevat en van Neumayer af het hulle, ek weet nie hoeveel, so aangegee.

**V:** Aange-pass.

**A:** Wel hy was vir twee of drie dae, toe later toe het ons gehoor hy het aangekom in Nieu-Seeland en hy het bygekom en hy is okay.

**V:** Ja, okay.

**A:** Maar dit was nogal 'n opwindende ervaring, toe ons, jy weet, die lugmag vlieg nou uit met die helikopters om die ou te gaan haal, en toe hulle teruggekom het, het hulle hom jy weet, julle sal op die video sien ook hoe hulle hom uitdra...

**V:** En indra.

**A:** Na die mediese stasie toe.

**V:** Maar het Duitsland toe nog net 'n somerbasis gehad?

**A:** Nee in daai, maar die ongeluk dink ek was te ver van Neumayer af en...

**V:** Waar was die ongeluk dan gewees by u base?

**A:** By, wel op daai stadium, ek weet nie, jy sal dit vir, dit sal jy vir Andries Stroebel moet vra.

**V:** Ja, okay, maar daar was darem redelike samewerking gewees van die Duitse basis af?

**A:** Kyk, daar is baie samewerking dink ek op Antarktika, en om dalk 'n paar keer, behalwe nou vir die besoekerspan wat ons kom inspekteer het, het daar twee keer, of dalk drie keer vliegtuie daar geland waar daar 'n paar ouens daar gekom het.

**V:** Ja.

**A:** En dan het hulle...

**V:** Is julle vooraf ingelig dat julle gaan geïnspekteer word?

**A:** Wel ek weet ons is ingelig, maar ek weet nou nie of lank genoeg tyd vir ons gegee is nie.

**V:** Ja.

**A:** Maar ons het darem genoeg tyd gehad om voor te berei.

**V:** Berei. Wie het julle kom inspekteer?

**A:** Weet jy ek sal nou die name van die span moet soek.

**V:** Maar was dit Duitsers, Amerikaners?

**A:** Nee. Dit was Noord-Europese land mense.

**V:** Okay. Die Swede?

**A:** Ja die een was 'n Fin as ek dit nie mis het nie, want daar was 'n ou vir die wetenskap daar...

**V:** Wat het julle...

**A:** En die adjunk-minister van Sweedse, was hy 'n Sweed? Ja, want wat nogal vir ons snaaks was, want Antarktika en polisie, die adjunk-minister op Antarktika en polisie suid was haar portefeulje.

**V:** Okay.

**A:** Maar, Adriaan sal vir jou daardie...

**V:** Die details kan gee.

**A:** Die detail kan gee.

**V:** Hoeveel uur vooraf het julle omtrent kennis gekry? Was dit darem so twee dae?

**A:** Ag ons het darem 'n paar dae gehad.

**V:** Okay.

**A:** Ons het darem seker...

**V:** Maar wat moes julle doen in daai paar dae?

**A:** Ons moes maar weer skoonmaak en kyk dan die goed wat nie veronderstel was om te wees, sorg dat nie veronderstel is om daar te wees nie, jy weet, en soos ek sê daai dag het iemand vir my gesê, maar ons het nou nie, ons het nie *Styrofoam* nie, toe sê ek nee, tot waar ek agtergekom het *Polyester* is eintlik *Styrofoam* of ek weet nie presies wat die term was nie, en ek meen die ouens, jou rekenaars is mos verpak in...

**V:** Ja.

**A:** So dis toe dat ek besef het 'n ou is ook nie, 'n mens lees deur hierdie goed, maar mens is nie altyd so 100%, of wat jy moet weet nie, jy weet?

**V:** Ja. Jy is nie altyd aspris dat jy nou styrofoam, maar jy het nou nie so ver gedink nie.

**A:** Jy slaan net nie groot genoeg ag op dit nie. Dit moet ek nou sê toe ons nou teruggekom het, het ek vir die ouens gesê, man *bubblewrap* liewer die goed of so aan, want eintlik is 'n ou nie veronderstel om sulke goed te doen nie.

**V:** Ja-ja. Het die mense oorgeslaap, die inspeksie?

**A:** Nee-nee.

**V:** Het van die ander vliegtuie wat daar aangekom het met die mense, oorgeslaap?

**A:** Ek, ja hulle het want daai Gillian-hulle. Hy en een of twee van sy vlieëniërs, of van sy span het oorgeslaap, maar nie te veel nie...

**V:** Ja.

**A:** Het hulle oorgeslaap?

**V:** En as daar mense aangekom het, het julle vir hulle spesiale koekies en tee aangebied.

**A:** Die span het ons bietjie lekker...[lag]

**A:** KVV-wyn en so aan, maar ek meen hulle het maar saam met ons geëet en so. Ons het regtig lekker geëet in die begin.

**V:** Maar was daar 'n inspeksie span van julle uit gewees?

**A:** Nee-nee. Ek dink nie. Nee, nie wat ek van deel van was nie.

**V:** Weet jy van Suid-Afrikaanse inspeksie spanne wat jy nou al van gehoor het waar die Suid-Afrikaners besluit het hulle gaan nou inspeksie doen?

**A:** Ek kan nie regtig vir jou sê nie. Ek weet nie. Nie wat ek van weet waar van ons ouens ooit deel van was nie.

**V:** Ja.

**A:** Dit was ook nooit regtig 'n besprekingspunt nie.

**V:** Ook nie by die vergadering nie, by die vergaderings vooraf?

**A:** Nee-nee.

**V:** Okay. Kersfees, wat het julle Kersfees gedoen?

**A:** O, Kersfees het ons gewerk, en toe het ons 'n verskriklike lekker, ons het die aandete gehad, ja, en die ouens het hulle geskenke en goed oopmaak die wat pakkies saamgevat het en so aan, jy weet? Dit was 'n ...

**V:** Ja.

**A:** Elke groep het maar soort van, ek dink kleiner bymekaarkom gehad, ons het nie een vreeslik bymekaar gedoen nie, en dan nou maar die aandete saam het ons nou lekker, jy weet...

**V:** Almal saam gekuier.

**A:** Geëet, wat het ons gehad, seker skaapboud? Ek kan nie onthou nie.

**V:** [lag]

**A:** Wat het hulle vir ons gekook nie, en toe maar saam gekuier, want...

**V:** Ja. En nuwe jaar, het julle daarso ook 'n partytjie gehou?

**A:** Ons het Oujaarsdagaand 'n lekker partytjie gehad, 'n Romeinse partytjie.

**V:** Het julle lakens en goed aangehad?

- A:** Ja, jy sal sien daar op die video, dit is nogal, daar is 'n paar mans wat baie innoverend is met 'n laken. [lag]
- V:** Ja. [lag]
- A:** En, dit is nogal kreatief van hoe hulle daai laken opgevou het, party soos 'n doek en ander, ag nee daar was 'n hele klomp. Dit was nogal baie mooi. En ons het 'n lekker seekospotjie gemaak daai aand wat ons lekker saam geëet het, so ja. Oujaarsdagaand was baie lekker.
- V:** En het jy geleentheid gekry om te vlieg uit van die basis af na die veld toe?
- A:** Ja. Daar was geoloë, was saam gewees en ek het een, Adriaan het nou so gereël dat al die spanlede PWD almal...
- V:** Ja.
- A:** Met vier geleenthede het hulle ysmonsters gaan haal. En dat dit so opgedeel is dat elkeen 'n kans gekry het om in te vlieg. Dit is baie mooi.
- V:** Waarnatoe het julle gevlieg?
- A:** Wel dieper in Antarktika in, ek kan nou nie rêrig vir jou sê of die plekke name het waarheen ons gegaan het nie.
- V:** Kon julle bietjie daar rondstap om die helikopter of was dit maar
- A:** Ja. Nee-nee. Ons kon, ek meen hulle het kamp gehad daar en ons kon afklim en so aan, maar die dag toe ons daar was, is dit meer op 'n amper wil ek sê, sal ek dit nou noem 'n plato noem, so voor 'n berg en ons het nie, kon nie ver gestap het nie.
- V:** Ja-ja.
- A:** Maar hulle was nogal bly om vir 'n slag mense, ander mense te sien, hulle was drie geoloë gewees.
- V:** Okay. So julle het na hulle toe gegaan?
- A:** Ons het uitgevlieg na hulle toe.
- V:** 'n Somerbasis.
- A:** Waar hulle met die tente en goed uitgekamp het waar hulle besig was om monsters en goed te neem, dit was sulke lang kaste wat die goed in teruggekom het.
- V:** So drie geoloë wat daai hele of gedeelte bymekaar moes bly.
- A:** Drie of vier, ja. Met twee Ski-does.
- V:** So hulle was seker bly gewees om vars mense te sien en...
- A:** Ja, maar ons het ook nie vreeslik lank gekuier of goed nie.
- V:** Het julle vir hulle kos of iets gevat?

**A:** Ons het seker bietjie voorraad gevat ja. Ek kan nou nie meer so onthou nie.

**V:** So julle het nou nie lank gekuier nie.

**A:** En 'n ander keer het ek Grunnies toe gevlieg.

**V:** Ja, okay.

**A:** Want die oorspronklike, toe hulle die basis gebou, die nuwe basis gebou het was daar 'n tydelike basis by Grunnies, by Grünehogne, want die lugmag het daar tuisgegaan.

**V:** Okay ja, so het daai basis nog gestaan?

**A:** Ja, maar hy is nou heeltemal opgebreek het ek verstaan.

**V:** Okay.

**A:** Hulle het die volgende jaar, het hulle hom heeltemal gaan afbreek en verwyder.

**V:** Nou wat verander as mens nou begin besef daar is net soos 'n week oor?

**A:** Ek dink jy besef jy moet nou begin inpak.

**V:** Ja.

**A:** En afsluit waarmee jy te doen het, en sorg dat die laaste take afgehandel word...

**V:** Ja.

**A:** Want ek weet in ons geval was dit so, die fisikus het besluit jy weet die opleiding wat die ander outjies gehad het moet nog aandag kry, en hy het byvoorbeeld gewag vir maandeinde, sodat hulle weer 'n slag die tweede keer deur die proses, want einde Desember was die een.

**V:** Okay, ek verstaan.

**A:** Einde Januarie was die ander een, deur die proses jy weet van hoe hulle data moet oordra en goed moet gaan, om seker te maak dat...

**V:** Wie was julle Potch-kassie gewees wat julle afgevat het?

**A:** Zino Nnunivani

**V:** Okay, so dit was nou Zino.

**A:** Maar die outjie wat voor hom was, was Jaco Mini.

**V:** Okay.

**A:** En hy het teruggekom en sy MSc klaargemaak en hy het toe sy PhD gedoen, en hy doen nou ... is nou in die VSA besig met...

**V:** Basiese opvoeding.

**A:** Nee-nee. Hy bly nou permanent daar.

**V:** Het Zino toe ook verder geswot of...

**A:** Zino het nie lank, het hier, toe hy teruggekom het, hy was na sy take hier afgehandel was, en die data verwerk is en goed, het hy 'n pos

aanvaar by, jong, dis een van die groot elektronika maatskappye, wat met DENEL soort van in kontak was...

**V:** So hy is soort van direk opgeneem in die...

**A:** Hy het privaat sektor toe gegaan.

**V:** Okay, en dan doen jy nou maar jou werk klaar.

**A:** Jy begin inpak, jy moet die kratte en goed, die paklyste opstel van wat nou moet terugkom.

**V:** Ja.

**A:** Die ou uitgediende voorraad, ag toerusting nie voorraad nie. Ja die voorrade ook, met die kos en goed wat moet terugkom, jy weet, al daai goed. Die logistiek van aankom is nou net weer terug omgekeerd want die goed moet gepak word, dit moet in die verskillende kratte en goed ingaan, dit moet afgeswaai word op die slee's en dit moet...

**V:** Ja.

**A:** Betyds uitgesleep word sodat dit terug gelaai kan word terug skip toe.

**V:** Ja.

**A:** Sodat as 'n ou nou daar aankom, die ouens wat nou vooruitgaan, jy weet, daai take kan doen. En ek moet nogal sê wat nou 'n hartseer oomblik was, een van ons, twee of drie van die spanlede is toe nou saam met ons terug met Ski-does, en ons het toe gehoor, of nie gehoor nie, die Weerburo het gesê daar is 'n groot storm aan die gang. En net toe ons nou wegtrek toe staan die drie outjies op die *ramp*, en jy sien letterlik hoe daai, hoe grys dit so word, julle sal dit op die video sien.

**V:** Wat het hulle toe gedoen?

**A:** Nee, hulle het ons toe nou kom afsien daar en gesorg dat die laaste take gedoen is.

**V:** Maar nou daai drie outjies op die *ramp*, kon hulle toe nou teruggaan basis toe?

**A:** Ja-nee, hulle het E-basis toe gegaan. Kyk E-basis is nog in werking.

**V:** Okay.

**A:** Dis mos nou nie so ver van daar af nie.

**V:** Okay. Want more is dit donker, en julle trek weg.

**A:** Dis nogals hartseer, nou los jy nou hierdie...[lag]

**V:** [lag] En as daai skip nou wegtrek? Waaraan dink 'n mens?

**A:** Jy dink dis 'n ervaring wat jy so dankbaar oor is dat jy die geleentheid gehad het...

**V:** Ja.

**A:** Om dit te hê, en ek weet daar is baie bitter min mense wat buite die departement, en veral in my soort van posisie, ooit die geleentheid kry om daai ding, om dit te gaan doen.

**V:** Ja.

**A:** En te ervaar.

**V:** Ervaar. Ja-ja.

**A:** En die eerste twee dae dan slaap 'n ou maar baie om al die slaap wat jy verloor het toe jy daar was in te haal. En dan kom 'n ou met 'n redelike spoed terug.

**V:** En as jy terug is in Suid-Afrika, wat is die ding wat mens nou moet aanpas?

**A:** Wel, eerste die hitte.

**V:** Okay.

**A:** Want toe, ons het so die 8ste Februarie rond dink ek het ons teruggekem, en dit was 'n besondere warm tyd, maar nou sê die ouens die vorige week was dit nog warmer.

**V:** Warmer. Oe genugtig.

**A:** Ek moet sê ons het Vrydagaand laat in die hawe ingekom, toe het ons daar by die Waterfront, daar by die ou tronk.

**V:** Die ou tronk?

**A:** Ja, want dit is die hotel, dis soos 'n, Ikeys se bestuurskool...

**V:** O Breakwater.

**A:** Ja Breakwater Lodge het ons geslaap, en toe die volgende oggend 08:00 se kant, want Adriaan het al van die skip af toe ons nou binne telefoon, selfoon afstand is, het hy gebel en om te sê, luister, want ons was 'n paar dae vroeër, "Dis my vliegtuig kaartjie, dis Petro se vliegtuig kaartjie, dit is al die ouens se vliegtuig kaartjies...

**V:** Ja.

**A:** Kyk hoe vinnig kan julle vir hulle plek kry op die vlugte terug". En ons het in Johannesburg aangekom, ek moet sê seker so 12:00 miskien vroeër, en die middag het my sussie my daar winkel toe gevat, en daai middag het ek rêrig, toe het ek seesiek gevoel. [lag]

**V:** Gevoel [lag] ja.

**A:** Daai aankoms van land en so aan, ek was bly dat ek nie die eerste of tweede dag hoef te bestuur het nie, jy weet? [lag]

**V:** Ja-ja.

**A:** En ek weet van ouens wat al vroeër teruggekem het, ons ou spanlede wat gesê het die eerste twee dae, jy weet, bestuur hulle nie, net om weer jou landvoete te kry.

**V:** Te kry. Ek kan dit goed glo want ek het landsiek geraak op Marion. Met die vaart het ek nie siek geraak nie, maar toe ons op Marion aankom...

**A:** Toe.

**V:** Toe maak die land so.

**A:** Ja my suster het op 'n kol vir my gesê, "Jy lyk groen", toe sê ek, "Ek voel nou groen". [lag]

**V:** [lag] Is daar iets wat jy mis op Antarktika?

**A:** Ek dink so. Mens mis vars...

**V:** Goed.

**A:** Slaai. Ek is nogal 'n mens wat baie, wat hou van, ons eet nogal baie vars slaai en goed. Dit begin 'n ou na 'n rukkie mis, maar dis nie dat 'n ou totaal onttrekkingsimptome...

**A:** Gaan ly of sulke soort van goed nie, maar ek was geneig om daai eerste ruk, ek sal eerder gerasperde wortels eet, of die rou wortel eet of...

**V:** Ja.

**A:** Die slaai, meer slaai goed eet as wat jy, want daar onder het ons heerlike gekookte kos en goed al die tyd gehad.

**V:** Hoe baie het mense in jou kerk of as mens nou in die winkel in die ry staan en iemand sien jou weer wat jy ken, hoe baie het hulle uitgevra daarna?

**A:** Weet jy hulle vra nou nog baie uit, veral ouens met wie jy, nie gereeld nie, "Haai jy was mos in Antarktika, vertel bietjie wat julle gedoen het..."

**V:** [lag]

**A:** En al die dinge en goed. So en die kerk, ek het 'n paar eposse teruggestuur kerk toe, jy weet? En die dominee het my nogal verwelkom die Sondag na ons teruggekom het. [lag]

**V:** Oe, van die preekstoel af?

**A:** Ja! Maar ons het 'n vreeslike oulike gemeente, en ja dit is veral mense, vir dames moet ek nogal sê, vrouens moet ek nogal sê, weet hulle, dis nogal 'n besonderse ding, "Ja, jy was af, hoe het jy dit oorleef?" en al daai soort van dinge.

**V:** Ja-ja.

**A:** Ek moet sê ja, daar was nogal baie belangstelling, maar die kollegas hier het ook 'n slag of wat het hulle in die Puk se koerantjie gesê "Petro is af Antarktika toe, sy is staal!"

**A:** En het nou teruggekom van Antarktika af, so hier is 'n hele klomp ouens op kampus wat bewus was daar van dat ek weg was.

**V:** Weg was. Okay, nou as jy die geleentheid kry, sal jy weer gaan?

**A:** Oe, môre!

**V:** Môre. Okay.

**A:** En ek moet sê ek het gesorg dat ek nogal taamlik fiks was voor ek gegaan het, ek het twee, drie, vier keer 'n week het ek gaan swem daar.

**V:** Ja.

**A:** Maar ek het nie in 'n krewas afgegaan nie. Ek het net gedink...

**V:** Waar het jy gaan swem?

**A:** Nee hierso voor ons af is....

**V:** Ek wou nou net sê waar swem jy daar?

**A:** Nee. [lag] Dit sal ek nie waag nie.

**V:** Maar o jy het nie in 'n krewas afgegaan nie?

**A:** Nee ek sou my dood geskaam het as hulle my daar moes uitgesleep het of uitgetrek het of iets. [lag]

**V:** [lag] Okay. Is daar enige iets wat jy nog wil byvoeg?

**A:** Nee maar ek sê nog steeds dit bly 'n wonderlike ervaring, dit bly 'n, mens se oë gaan oop vir die hele proses, veral die wetenskap wat daar gedoen moet word van ons kant af, en vir die logistiek en die beplanning wat daar moet ingaan.

**V:** Ja.

**A:** Ek moet sê ek het nogal taamlik respek gekry vir al die ouens wat saam met my gaan. In die eerste plek vir die departement, vir die manier hoe hulle probeer om nie skade aan te rig nie.

**V:** Ja.

**A:** En die tweede plek, die manier hoe hulle probeer om so min as moontlik *waste disposal* te maak...

**V:** Ja.

**A:** En ek het gewoonlik as jy so saam met so 'n klomp mans is, hulle steur, baie keer steur hulle nie aan sulke soort van dinge nie, en daar het ek dit rêrig ervaar, as hy klaar sy blikkie bier gedrink het, sal hy gaan en hy sal hom in die ding sit wat hom moet saam pers en hom in die regte blik gooi.

**V:** Ja.

**A:** Hy sal sy bottel vat en hy sal hom in die bottel gooi waar die glas goeters kom.

**V:** Okay.

**A:** Daar was 'n wonderlike samewerking, of nie wonderlik, dit is eintlik wonderlike samewerking, dat ouens wat bereid is om sulke dinge te

doen. Ek dink daar was baie goeie samewerking met die ouens, hulle het almal hulle *skivvy* beurt gevat.

V: Ja.

A: En hulle...

V: Daar is nie van die paar vrouens daar verwag om meer te werk as, soos om in die kombuis te gaan kook of...

A: Nee, want kyk ons het 'n *chef* daar gehad.

V: Ja.

A: En die reël was toe die spanlede was die skottelgoed, so hulle het net gekook, maar ek meen dit is 'n groot werk.

V: Ja.

A: Ek moet dit eerlikwaar sê, daai mens het hard gewerk. Ek dink daai ouens werk baie hard.

V: Ja julle kok en...

A: Ja

V: En julle spanlede wat na die tyd al die skottelgoed moet was.

A: Nee-nee die ouens, ek meen 60, 80 mense. Twee, drie etes 'n dag en dan so nou en dan iets tussenin te gee.

V: Oe nee. Dit is baie harde werk.

A: Al kan jy dit, al doen jy dit hoe goed, en dit feit dat die ouens jy weet, buite as daar bietjie miskien diesel gemors het en so aan, moeite doen om dit op te tel. Die, ja die span wat af was toe ons afgegaan het, toe ek afgegaan het, dink ek die meeste van hulle het baie goed ingepas. En daar was goeie samewerking tussen hulle.

En dit het dit 'n oorname sonder baie dramas gemaak.

V: Ja.

A: En ook, ek dink vir die meeste ouens 'n oorname om te onthou.

V: Ja.

A: Al wat sleg was van die hele oorname is dat terwyl ons daar was het, het ons gehoor die een program van Durban word toegemaak.

V: Okay.

A: Dit was nou bietjie sleg.

V: Want daar was van die Durban mense daar gewees?

A: Daar was van die Durban mense daar gewees, en die nuus, ek dink is nie baie diplomaties oorgedra gewees nie.

V: Ja-ja.

A: En die prof. het net gebel om te sê hoor hier na die 1ste April is die projek toe.

- V:** Dis nie *nice* nie.
- A:** En die outjie moet agter bly, hy moet nog die projek vir die res van die jaar daar klaarmaak, want hy is 'n spanlid wat agter gebly het. En dit was nou nie 'n positiewe ervaring nie.
- V:** Nee. Ek kan dink. Ek kan dink.
- A:** Dit was nou glad nie 'n positiewe ervaring nie.
- V:** Want het jy nou al so baie van chaotiese oornames gehoor in al die jare hier.
- A:** Ag weet jy die ouens is mos geneig om nie te veel te kom praat nie. Hulle sal vir jou sê hier het goed verkeerd gegaan, of dit het verkeerd gegaan, maar nie dat rêrig ouens vreeslik kom kla het en sulke soort van goed wat verkeerd gegaan het nie.
- V:** Verkeerd gegaan het nie.
- A:** Nee ons weet ook van goed wat verkeerd gaan as daar 'n ding nie in is wat daar moet in, wat moes afgegaan het, en so aan wat agterna moet af gaan. Ons het nou die voorreg dat 'n ou, dat daar nog 'n vliegtuig gaan, met wie jy miskien 'n klein dingetjie mee kan saamstuur. Vroeër jare in die 1980's en daai vroeë negentigerjare...
- V:** As hy daar was, was hy daar.
- A:** As 'n skip gevaar het, het hy gevaar.
- V:** Ja.
- A:** En dit is ook 'n ander ding jy weet, hoe verder jy van die land af is, besef jy dit is nou klaar. Ek meen as daar nou iets by die huis gebeur met 'n man of 'n kind of geliefde...
- V:** Ja.
- A:** Dan moet jy daarmee saam lewe tot jy weer terugkom.
- V:** So dit is ook maar 'n besef van die afstand.
- A:** 'n Ou begin besef jy raak los...  
Maar jy maak ook los.  
Jy besef, wel ek het nou besef as daar nou iets gebeur, kan ek niks daaraan doen nie, want ons was 'n dag of twee op see gewees, toe is een van die outjies se broer of ja is oorlede of so iets, jy weet en ons het gesimpatiseer met hom en so aan, maar dan moet 'n ou maar aangaan.
- V:** Aangaan
- A:** Daar is nie omdraai kans nie. Dit is een van die goed wat jy mee moet saamleef. Toe ons Zino se pa, Terwyl ons daar onder was, het hy seergekry in 'n aanranding of iets, en ek meen ons moes daar werk.
- V:** En het hulle toe vir jou laat weet hy het seergekry?

**A:** Nee hulle het hom laat weet, maar ek meen hy het toe kom praat en so aan, en ek het die kapelaan nou gekry om bietjie met hom 'n paar sessies te hê, maar gelukkig, ek word mos gesien as 'n mamma so.  
[lag]

**V:** Ja-ja. Ja.

**A:** Wat 'n ou nou bietjie met hom kon gesels het en jy weet?

**V:** Is sy pa toe oorlede?

**A:** Ja, maar dit is nie lekker nie. Dis van die nie lekker goed wat, maar daar die lekker goed gebeur darem hier ook.

**V:** Ja-ja.

**A:** En die feit dat daar darem ten minste kommunikasie is, beter kommunikasie...

**V:** Ja.

**A:** Toe kon ons darem al eposse gestuur het en telefoon oproepe so twee of drie keer gemaak het...

**V:** Ja.

**A:** Miskien bietjie meer, jy weet? En dat daar darem ook kommunikasie deur die dag was departemente toe...

**V:** Ja.

**A:** Ek kon departement toe gebel het of hulle kon my geskakel het as daar rêrig iets was. Dit het dinge baie makliker gemaak, behalwe dat 'n ou nou natuurlik deur die kommunikasiekamer moet gaan, want almal kan nie heeldag bel en so aan nie, maar dit was maar altyd werksverwante goed gewees.

**V:** Ja-ja.

**A:** Van die kant af soontoe, en van daai kant af hierdie kant toe.

**V:** Kant toe. Kan jy onthou dat jy Tafelberg gesien het toe julle teruggekom het?

**A:** Ja. Dit is mooi, maar Tafelberg van die see se kant af dink ek is nog mooier as van die land se kant. [lag]

**V:** [lag]

**A:** Mens begin so die laaste twee dae kan jy die afwagting beleef....

**V:** Ja.

**A:** En veral van die ou spanlede. Kyk ek sal vir jou sê, die hele langste twee ure van die hele *trip*, is daai twee ure omtrent voor die hawe, daar waar die hawe amper lê en wag vir die *pilot* om jou te kom haal, en boot te kom inbring, jy weet, want nou weet hulle, hulle geliefdes is daar en wag. En die wat getroud is se vrouens is daar.

**V:** Dit moet ook nogal 'n mooi tipe *scene* wees op daai kaai as die mense se geliefdes daar is en...

**A:** Dit is nogal, maar hulle wil net afklim. Kyk hulle moet hulle nou kom haal, en hulle moet gou-gou maak.

**V:** [lag]

**A:** Julle sal op die video sien, ek het nogal taamlik daarvan, ek het ook 'n bietjie van toe ons vertrek het afgeneem daar, maar dit is nogal jy weet? Daai blydskap van -"Ons is weer hier."

Jy weet, na al die lekker en ervarings wat 'n ou gehad het, is die familie bande en goed jy weet, is nogal sterk.

En almal wil net afklim.

**V:** Ja, ek kan dink [lag] na daai...

**A:** Van die manne was baie haastig, want dit was vir hulle nogals erg, want die ding, hulle steek hulle emosies so weg, maar hulle verlang maar.

**V:** Ja, okay. Baie dankie.

**A:** Okay.